# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

24 Julie 2026
**NUUSBRIEF 21/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Sport:** o.13 Craven Week

   Baie geluk aan **Luan du Toit** en sy Boland o.13 Craven week span wat 'n **2de plek** behaal het. Luan spog met 5 drieë wat hy gedurende die toernooi gedruk het. **HSB is baie trots op jou**.

   Alle sport oefeninge is weer voluit aan die gang en ons doen 'n beroep op alle leerders om getrou hulle oefeninge by te woon.

2. **Gimnastiek:** GIMNASTIEK IN BONNIEVALE

   Gimnastiek is 'n baie goeie gronsdslag vir kinders wat eintlik die basis vaslê vir alle ander sportsoorte. Navorsing wys dat vroeë blootstelling aan gimnastiek kinders help om 'n liefde vir fisieke aktiwiteit te ontwikkel wat hulle vir die res van hul lewens bevoordeel.
   Gimnastiek is een van die mees omvattende sportsoorte - dit bou nie net fisieke krag, balans en koördinasie nie, maar leer ook dissipline, selfvertroue en deursettingsvermoeë.

   Klasse word by Hoërskool Bonnievale aangebied deur gekwalifiseerde afrigters met 'n passie vir sport.
   Kontak : **Giani Swart 060 750 2552**

3. **Musiek:** **Inathi Mabuthile** slaag **Unisa Teorie Graad 3** met Lof, **86%**. Baie geluk Inathi!

4. **Matriekafskeid:** Ons mariekafskeid was voorwaar 'n aand om te onthou. Ten spyte van die weer was ons funksie 'n spoggerige geleentheid en al die leerders het pragtig gelyk. Ons bedank me.C Matthysen en haar span vir die aanbied van die funksie.

5. **Akademie:** Leerders wat se kwartaal 2 rapporte nog nie afgehaal is nie, se ouers moet dit asseblief in die kantoor kom afhaal.

**6. Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Sa. 25 Jul | Landloop by Langeberg Sekondêr<br>LS Ashton Pikkie Sportdag<br>HS sport vs HS Swellendam (tuis) |
| Di. 28 Jul | Me Janie Wentzel verjaar |
| Wo. 29 Jul | HS sport vs Langeberg Sekondêr (weg) |
| Do. 30 Jul | Juf Danelle Landman verjaar<br>Gr.10 Uitstappie |
| Sa. 1 Aug | HSB Ideal Sportdag<br>Juf Sané Nel verjaar |
| Do. 6 Aug | 0.9 Netbal na Worcester (WNPS & WPS) |
| Sa. 8 Aug | Landloop Boland Kampioenskappe |
| Di. 11 Aug | LS sport vs Wakkerstroom-Wes (tuis) |
| Sa. 15 Aug | Interskole Franschhoek (weg) |
| Sa. 22 Aug | Me Alma Hamersma verjaar |
| Ma. 24 Aug | SBL vergadering |
| Di. 25 Aug | Juf Gerda Liebenberg verjaar |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



**Mnr. R. Olivier**
Skoolhoof

Elke prestasie begin met 'n besluit om te probeer.